

Donderdag 13 Desember

Skrifgedeelte: Filippense 1:20-26	Fokusgedeelte: Filippense 1:20, 21; Heidelbergse Kategismus 47:122
--	---

“Laat u Naam geheilig word ...” – Ons bid dat ons kan lewe tot sy eer

Dit wat Paulus hier in vers 20 en 21 sê, het gebeur. Danksy die werking van die Heilige Gees het Paulus daarin geslaag om te doen wat ons elkeen begeer. Ons bid dat ons mag lewe tot eer van die Here se Naam.

Nou is die vraag: Hoe het dit in Paulus se lewe gebeur? Op ander plekke in die Bybel getuig hy dat dit nie maklik was nie. Hy moes teen sy eie sonde stry. Hy het ook nog “’n doring in sy vlees” gehad ... ons weet natuurlik nie wat dit was nie. Daar was baie mense wat hom gehaat het en hom wou doodmaak, maar ten spyte daarvan en nog meer, het hy tot eer van die Here se Naam gelewe. Ons weet ook dat hy nie volmaak was nie. Hy het baie foute gemaak en sonde gedoen.

Nou: Hoe het dit in sy lewe gebeur? Daar was baie val en opstaan. Hy het geweet dat hy nie op homself moet vertrou en dink dat hy staan nie. Hy het net een God en een Mid-delaar gehad wat hy met sy hele lewe vertrou het – ons Here Jesus Christus. In die krag van die Heilige Gees moes Paulus baie opstaan en deur ons Here Jesus moes hy baie toenadering soek by ons hemelse Vader, maar hy het dit elke keer weer gedoen.

Paulus het meer en meer van homself begin vergeet en die Here eerste gestel in sy lewe. Meer en meer het hy ook tot eer van die Here en sy Naam gelewe en uiteindelik ook gesterwe. Dit het beteken dat hy hom moes losmaak van alles wat agter hom was, en daar was baie. Hy het op ’n tyd die Here Jesus en sy kerk gehaat, maar dit het dieselfde Here Jesus op pad na Damaskus toe verander.

Dieselfde verandering wat sy Heilige Gees ook in elke ware gelowige laat plaasvind het. Die Heilige Gees verander haat in liefde. Liefde laat ons ons hele lewe op die altaar plaas vir die Here. Ons wil nie meer vir onself lewe nie, ons wil vir Hom lewe. Ons moet bly bid vir hierdie werking van die Heilige Gees in ons, sodat ons ook tot eer van sy Naam kan lewe en sterwe.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2, 5

Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)